### *Helena se gedagtes oor die wysheid van die mens*

**96** **Ouran** sê: "Weet jy, beste vriend, baie goed, en so moet dit met ons mense ook wees en gebeur. As dit so nie was nie en dit sou anders moet gebeur, dan sou jy nie hierdie mate van wysheid verwerf het nie!

[2] Ook jy is stellig eers opgevoed in die duistere onderwêreld van jou liggaam, vervolgens het jy ook liggaamlik in jou siel gesterf en nou in die ligpaleis van jou gees en in dié se Elisiese velde gaan wandel. By jóu het die enkelvoudige druppels van vroeër later `n see geword, maar by my is dit seker nog lank nie te verwagte nie. En ek verstaan daarom die sin van elkeen van jou afsonderlike woorde, maar die groot samehang sal vir my ook eers dán duidelik word as my siel die duistere katakombes van die liggaam sal verlaat en binnegevoer word in die ligpaleis van haar gees en in sy tuine, waar die hemels gegeurde vrugte in die lig en die warmte van die ewige lewenson sal rypword.

[3] Kyk, `n sekere, soet vermoede van hoe dit kan wees en seker ook sal word, begin ek wel in my te voel, maar vir die 'wanneer' is daar g'n bepaalde termyn nie en `n mens het ook geen herkenningsteken in jouself waardeur `n mens ook maar `n paar dae vooraf sou kon weet wanneer die arme siel uit die duistere katakombes gelei sal word nie!

[4] Maar wat kan `n mens daaraan doen? Niks behalwe om jou heel geduldig oor te gee aan die wil van die Almagtige Leier wat ook jou siel, sonder om dit vooraf aan die liggaam meegedeel te hê, opgewek het in die ligpaleis van jou magtige gees.

[5] Maar nou sal ek ook van my Helena wou hoor hoe jou gelykenis haar geval het en watter oorweginge sy daaroor het!"

[6] Dadelik sê **Helena**: "O, die beste van die wêreld! Die gelykenis was skitterend en baie treffend, en as die Egiptenare sulke opvoedkundige skole gehad het, dan was hulle sekerlik geen dom mense nie, daarvan lê hul geweldige werke in hierdie opsig `n baie sprekende getuienis af. Dit sou slegs nie wenslik gewees het as hulle sulke wyse skole verder vir die hele volk sou uitgebrei het nie. Ek kan my naamlik nie voorstel dat dit die plan van die groot, wyse Skepper kan wees om `n deel van die mensdom, en wel die grootste, gedurende die lewe dom en totaal blind te hou nie. Maar dit is in die wêreld nou eenmaal so, op één wyse na vind jy altyd meer as tienduisend dommes en blindes; oral is dit so. Maar waarom dit so moet wees, is natuurlik `n ander en beslis baie moeilike vraag om te beantwoord.

[7] Ons is hier op hierdie breë heuweltop nou seker saam met ongeveer vierhonderd mense byeen, maar daarvan sal skaars vyftig werklik wyses wees, alle ander kan min of meer toekomstige leerlinge van die wysheid genoem word! Die Romeinse soldate en die talryke dienaars van die opperstadhouer sal selfs nie by die aller geringste leerlinge getel kan word nie!

[8] Hiervandaan kan `n mens baie goed tot by die nabygeleë stad kyk en die oog ontdek massas mense, wat na die steeds op één plek blywende, skitterend skynende skynson staar en beslis nie weet wat hulle van die verskynsel moet dink nie. Onder hierdie massas mense is seker nie één wyse nie, hoewel menigeen van hulle hulleself miskien verbeel dat hulle is, en dit is eintlik nog slegter as wanneer so iemand hom heel nederig in sy hart inbeeld dat hy van al sy metgeselle die allerdomste sou wees. Wat moet die mense van so `n ongewone verskynsel dink!? Wat sal hulle nou links en regs in die rondte vra: 'Wat is dit?! Wat beteken dit?! Watter gevolge sal dit hê?!'

[9] Maar wie sal al hierdie vrae beantwoord? Dom en blind kom hulle uit hul huise, en nog dommer en blinder sal hulle weer daarin terugkeer! Moet dit nou so wees, moet die mense dan werklik dom en blind bly?!

[10] Die mense wat hier aanwesig is, ook al is dit geen leerlinge nie, het ten minste die wetenskap dat dit nie die egte, maar slegs `n deur die aan hul reeds bekende mag van die groot Meester opgeroepe skynson is en hulle trek by hierdie verskynsel, soos `n mens kan sien, baie vrolike en opgewekte gesigte. Hulle begryp die verskynsel weliswaar ook net so min soos ek, maar hulle weet dat dit `n gevolg is van die wonderbaarlike mag van die wil van die aan hul bekende groot Meester. En as Hy oor ongeveer `n uur die groot lig uitdoof, sal niemand hom daaroor bekommer nie, want almal sal weet wie die lig gedoof het.

[11] Maar as die ander mense, wat niks van dit alles weet nie, hierdie son oor ongeveer `n uur plotseling sien uitdoof op die plek waar dit nou staan, sal groot skrik, vrees en vertwyfelde angs hulle aangryp, en almal sal vas daarvan oortuig wees dat die gode baie kwaad geword het en die aarde verskriklik gaan straf!

[12] Dit lyk vir my daarom selfs aanbevelenswaardig om, ter gerusstelling van die mense, bodes hiervandaan te stuur wat die opgewonde gemoedere baie beknop kan uitlê wat daar sal gebeur, en dat dit slegs `n skynson is. - Wat dink u daarvan, goeie, beste vriend?"

### *Die materialistiese denke van die priesters*

**97** **Mathael** sê: "O liefie! Dit sou nou baie ongeleë wees. Later wel, maar nou, noudat die opwinding op sy hoogste gestyg het, sou dit in die lewensfeer van die siel dieselfde teweegbring as byvoorbeeld die gooi van koue water op kokend warm olie. Die vlamme sou hoog opslaan!

[2] Maar `n paar dae ná hierdie verskynsel sal die mense uit die hele, wye omtrek wel oop wees vir die opneem van iets hoër. Natuurlik nie almal nie, maar sekerlik die oorgrote meerderheid.

[3] Die Judese priesters sal die meeste onder die indruk wees van die verskynsel. Die totale, natuurlike sonsverduistering van vandag het hulle

tog al baie aangegryp, omdat hierdie mense alles stoflik opneem. Van `n innerlike, geestelike sin het hulle heeltemal geen vermoede nie, omdat hulle selfs nie eers meer die ooreenkomstige beeldspraak verstaan wat Moses en nog `n aantal ander sieners en wyse manne in hul tyd gebruik het nie.

[4] In één van die profete, wat Daniël heet, word immers gepraat van die gruwel van die verwoesting, waarmee tewens oor sonsverduistering en nog `n aantal verskrikkinge gepraat word, wat egter alles op geestelike wyse bedoel is.

[5] Maar omdat, soos reeds gesê, die Judese priesters juis nou maar net stoflik dink en sodoende die Skrif ook maar slegs letterlik opneem, bring elke sonsverduistering hulle in `n meer as paniekerige skrik vanweë die veronderstelde ondergang van die stoflike wêreld. **Hoewel die ou wysgeer daarmee maar net die baie wenslike ondergang van die sedelik stoflike in die mensehart bedoel het**, dink hulle aan die ondergang van die werklik stoflike wêreld en is daarom verskriklik bang as daar `n sonsverduistering aan die kom is!

[6] Dus, as hierdie son oor `n uurtjie so skielik sal uitdoof, sal `n groot angs hulle oorval. Want die maan sal hulle vandag ook nie te siene kry nie, omdat sy al ondergegaan het. Die groot angs sal hul oë beïnvloed soos dit by die gesigsvermoë van dronk mense die geval is, en hulle sal deur hul duiseligheid die sterre sien verskuif. Dit sal hulle laat dink dat, volgens die voorspelling, die sterre van die hemel op die aarde sal val en die talle blinde domkoppe sal die dag van oordeel sien as nou al aangebroke. Jy sal heeltemal hier kan hoor hoe, na die skielike uitdowing van die skynson, die menigte voor die stad in `n ontsettende gehuil sal losbars. Dit sal hulle egter nie in die minste skaad nie, want daardeur word hulle weker en sagter en ontvankliker gemaak vir die suiwer waarheid.

[7] Die helder dag van môre sal hulle wel weer tot rustiger besinning bring en dan kan daar baie met hulle gedoen word! Want môre sal hulle groepsgewys see toe gaan en kyk of die seewater dalk verander is in bloed, en by dié geleentheid sal hulle baie meer vatbaar wees vir rede.

[8] Ons gewyde Majesteit en Meester het die verskynsel naamlik laat plaasvind veral ten behoewe van hierdie stad, wat nou nie juis so hoog aangeskrewe staan nie! Wat Hy doen, het altyd `n oneindig veelsydige, goeie doel, maar wat die mense sonder Hom doen, deug nie en het geen nut nie."

### *Ouran se gedagtes oor die Meester*

**98** Na hierdie woorde van Mathael sê **Ouran**: "My steeds agtenswaardiger vriend, ek moet nou tog ook eerlik aan jou beken dat by die gedagte aan die skielike verdwyn van hierdie son, `n bepaalde vrees my tog self ook bevang. Want dit herinner my aan die totale menslike onmag in vergelyking tot die onbegrensde almag van Hom wat weliswaar in ons midde is, maar eintlik tog te heilig en te oneindig verhewe is dat mense soos ons, wat weet wie Hy is, Hom sou kon benader! Of dat ek met Hom, net soos met u of ander mense, as vriende onder mekaar sou durf praat!

[2] Dit is `n baie vreemde gedagte en dit gaan deur jou murg en been as jy bedink **dat Hy alles in alles is** en dat ons, met Hom vergeleke, niks is nie!

[3] Dan troos dit ons natuurlik wel weer dat **Hy Self die hoogste en suiwerste Liefde is** en daarom met ons armsalige, sterflike mense die grootste geduld, begrip en medelye het.

[4] Maar Hy is nou eenmaal Elohim en vir altyd onveranderlik en volkome onsterflik, en die hele oneindigheid hang met sy bestaan aan Sy Wil soos `n doudruppel aan `n enkele grasprietjie. Die geringste sug uit Sy mond sou die hele oneindigheid kon vernietig, soos wat slegs die ligste suggie van die wind die loshangende doudruppel van die punt van die grashalm sou kon afblaas.

[5] Weet jy, as jy dit met `n nugter hart heel rustig by jouself oordink, kan jy onmoontlik die gedagte van jou afkeer dat jy in die sigbare aanwesigheid van die Almagtige, enersyds die hoogste saligheid ondervind, maar dat jy andersyds tog liewer nie so naby aan Hom sou wou staan nie. Om Hom op `n sekere afstand te aanbid, sou vir siel en gees `n groot genot wees en sou die hele mens baie stig, maar hier so vlakby kan jy dit tog maar net ietwat heimlik in jou hart doen.

[6] So sou ek nou byvoorbeeld ook graag met Hom wou praat. Daarna verlang ek baie, maar deur Sy onvoorstelbare, geestelike grootte kan jy geen moed daarvoor bymekaar skraap nie, hoewel Hy uiterlik as `n heel beskeie en gemoedelike mens lyk! Sy uiterlike behou ewenwel daardie bepaalde suiwer goddelik almagtige, en dit is duidelik aan Sy oë en Sy voorkop te sien dat hemel en aarde voor Sy Wil moet buig. Uit Sy oë skiet letterlik ligstrale en deurlopend roep Sy voorhoof dit wat nooit was nie, tot lewe.

[7] Ja, vriend, dit verpletter jou as jy die Skepper van die wêrelde en hemele in die persoon van `n eenvoudige en heel beskeie mens voor jou sien staan! Helaas, dan moet daar nie meer geskerts word nie! Maar, dit is nou eenmaal so, en die Meester alleen sy alle lof dat dit nou so is, want sonder Hom sou ons onder die huidige omstandighede baie sleg daaraan toe gewees het!"

[8] Mathael sê: "Dit is verseker, en vir my en jou heel besonder, want vir my sou die duiwels gewurg het, en die sonsverduistering sou jou dood gewees het! Maar nou moet ons weer oplet, want nou sal dit werklik nie meer so lank duur met die skynson nie, en as hierdie seldsame son skielik uitdoof, sal daar `n spektakel losbreek!"

[9] Toe word almal stil en kyk na die skynson.